
Ek kan dit nie glo nie…

Ons almal beleef van tyd tot tyd twyfel, onsekerheid, wankelrigheid in ons geloof. Baie van ons het dalk hierdie jaar deur ‘n diep worsteling gegaan… of is geestelik aangeval. En binne daardie aanvalle twyfel ons dalk ook in God en bevraagteken ons Sy liefde en trou.

Wat is die moeilike vrae waarop jy tans antwoorde soek? Wat laat jou in jou geloof onseker of wankelrig voel?

Dit is heeltemal natuurlik om onseker te voel en soms nie oortuig te wees of die antwoord en die oplossing te ken nie. Jesus se dissipels het ook getwyfel…

Lees **Johannes 20:19-31**, **Matteus 14:27-33** en **Matteus 28:17-20**.

JOHANNES 20:19-31

Dit was al laat die aand op daardie eerste dag van die week. Die deure waar die dissipels vergader het, was gesluit uit vrees vir die Jode. Jesus het toe gekom en tussen hulle gaan staan en vir hulle gesê: “Vrede vir julle!” 20En nadat Hy dit gesê het, wys Hy hulle sy hande en sy sy. Die dissipels was verheug toe hulle die Here sien. 21Jesus sê toe weer vir hulle: “Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook. ” 22Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy op hulle en sê vir hulle: “Ontvang die Heilige Gees! 23 As julle mense se sondes vergewe, is dit hulle vergewe; as julle dit van hulle weerhou, bly dit van hulle weerhou.”

24Maar Thomas, een van die twaalf, wat bekend gestaan het as Didimus, was nie by hulle toe Jesus gekom het nie. 25Die ander dissipels sê toe vir hom: “Ons het die Here gesien!” Maar hy het vir hulle gesê: “As ek nie die merke sien van die spykers in sy hande en my vinger nie steek in die spykermerke, en my hand nie in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie.” 26Agt dae later was sy dissipels weer binne, en Thomas saam met hulle. Terwyl die deure gesluit was, het Jesus gekom en in hulle midde gaan staan en gesê: “Vrede vir julle!” 27Daarna sê Hy vir Thomas: “Bring jou vinger hier, en kyk na my hande, en bring jou hand en steek dit in my sy; en moenie langer ongelowig wees nie, maar gelowig.” 28Thomas het vir Hom gesê: “My Here en my God!” 29Toe sê Jesus vir hom: “Glo jy omdat jy My gesien het? Gelukkig is hulle wat nie gesien het nie, en tog tot geloof gekom het. ”

30 Jesus het nog baie ander tekens voor sy dissipels gedoen wat nie in hierdie boekrol geskryf staan nie. 31Hierdie dinge is egter neergeskryf sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die •Seun van God, en dat julle deur te glo, die lewe in sy Naam kan hê.

MATTEUS 14:27-33

Maar Jesus het dadelik vir hulle gesê: “Hou moed, dit is Ek; moenie
langer bang wees nie.” 28•Petrus het Hom geantwoord: “Here, as dit U
is, beveel my om op die water na U te kom.” 29Hy het gesê: “Kom!”
Petrus het van die boot afgeklim en op die water geloop, en na Jesus
begin gaan. 30Maar toe hy sien hoe sterk die wind was, het hy bang
geword. Toe hy begin sink, skreeu hy: “Here, red my!”
**31Dadelik het Jesus sy hand uitgesteek, hom gegryp en vir hom
gesê: “Kleingelowige, waarom het jy begin twyfel?” 32Toe hulle in
die boot klim, het die wind gaan lê. 33Dié in die boot het voor Hom
neergeval en gesê: “Waarlik, U is die •Seun van God!”**

MATTEUS 28:17-20

Die elf dissipels het na Galilea gegaan, na die berg waarheen
Jesus hulle ontbied het. 17Toe hulle Hom sien, het hulle Hom
aanbid, maar sommige het getwyfel. 18Jesus het nader gekom
en vir hulle gesê: “Aan My is gegee alle mag in die hemel en op
die aarde. 19Gaan dan en maak dissipels van al die nasies,
deur hulle te doop in die Naam van die Vader en van die Seun
en van die Heilige Gees, 20en hulle te leer om alles te
onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die
dae, tot aan die voleinding van die tyd. ”

Wat staan vir jou uit in hierdie gedeeltes oor die dissipels se reaksie? Oor Jesus se reaksie?

Twyfel is nie noodwendig die teenoorgestelde van ongeloof nie. Dit lei dikwels tot ‘n sterker geloof, groter bevestiging, geestelike groei wanneer ons ons twyfel na die Here wend.

Lees weer Johannes 20:31. Die doel van die boek Johannes is om ons tot geloof te bring en ons geloof te versterk. Telkemale as die dissipels onseker was, het Jesus vir hulle redes en bewyse gegee wat hul geloof versterk het. Hy is die antwoord wat ons lei na sekerheid en vertroue!

31Hierdie dinge is egter neergeskryf sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en dat julle deur te glo, die lewe in sy Naam kan hê.



Johannes 1:12
Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy die mag gegee om kinders van God te word, in wie in sy Naam **glo**.”

Johannes 3:16
Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom **glo**, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.”


Johannes 14:1
Laat julle hart nie ontsteld word nie; **glo** in God, **glo** ook in My.

Johannes 5:24
Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom **glo** wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe.

Johannes 11:25
“Jesus sê vir haar: Ek is die opstanding en die lewe; wie in My **glo**, sal lewe al het hy ook gesterwe.

Johannes 17:20
En Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal **glo**.

Johannes 14:11–12
“**Glo** My dat Ek in die Vader is, en die Vader in My; of anders, **glo** My ter wille van die werke self. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My **glo**, hy sal die werke doen wat Ek doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan.”



Het jy al gewonder hoekom jy twyfel en onsekerheid beleef? Is daar dalk goeie rede vir jou wantroue?

Die Here wil hê jy jou moet jou ongemak aan Hom rig, want Hy weet wat jy nodig het en wat om te sê, al weet jy nie altyd nie!

Hy vra vir Simon Petrus:

Kleingelowige, waarom het jy begin twyfel?

Die Here vra ook vir jou: *Wat is dit wat jou pla? Wat maak jou ongemaklik? Wat is die vrae en onsekerheid wat jy het?*


“Kleingelowige, waarom het jy begin twyfel?” '

Dalk is daar baie goeie redes hoekom jy nou twyfel beleef… of dalk besef jy jou redes is eintlik glad nie geldig nie…

Dalk het God jou al tevore teleurgestel, bedrieg, in die rug gesteek? Wat is jou antwoord daarop…

Dalk is jou situasie so groot of vreemd, of klein en onbenullig, dat die almagtige en alomteenwoordige God dit nie sal kan oplos nie…. Wat is jou antwoord daarop… of het jy jouself eintlik reeds beantwoord?

Dalk is God se beloftes uitgedien of was dit net vir ’n spesifieke tyd bedoel… al sê die Bybel Sy beloftes is Ja en Amen… en Hy is dieselfde gister, vandag en môre…

Dalk het God werklik van ons vergeet of Sy hart het verander teenoor die mense… of dalk is dit jy wat geskuif en jou omstandighede wat verander het?

Wat jou rede tot twyfel in God ookal kan wees, Hy kom bevestig aan ons die waarheid, wat ons eintlik reeds al weet…


God het vir my gejok
God het verander
God kan nie in my situasie help nie


PSALM 77

Die Psalmdigter Asaf het ook hierdie twyfelende vrae gehad… en in sy gebed, reeds die bevestigende antwoorde ontvang…

Lees Psalm 77. *Hoe vereenselwig jy met die digter se gevoelens? As 'n buitestaander en uit jou persoonlike ervaring, hoe sy jy hom kon bemoedig in sy soeke na antwoorde?*

Dalk twyfel jy nie in God se karakter nie, maar in jou eie karakter of vermoëns….

Ook vir jou kom steek God Sy hand van ontferming uit – en herinner jou aan die kruisdood – vir sondaars, vir swakkelinge, vir jou. Daar is waarlik geen rede om te twyfel nie.


Ek doen al weer sonde
Ek is maar net ‘n mens
Dis te groot vir my


WAARLIK!!

Wat was Thomas se belydenis nadat hy die waarheid ontdek het?

Wat was Simon Petrus en die ander in die boot se belydenis nadat Jesus sy twyfel weggeneem het?

Wat was Nataneal se belydenis toe hy ontdek dat Jesus werklik alles van hom weet? (Joh 1:49)

Elke keer het Jesus aan hulle kom bevestig wat hulle eintlik reeds geweet het, en hul geloof is versterk op grond van die waarheid. Waarlik, Hy is die Heer oor alles!

Wat is die dinge wat jy virseker weet…? Maak ‘n lysie… en besef wat jy eintlik al lankal weet.


HULLE
WEET NIE
WAT ONS
WEET NIE



EK WEET VIRSEKER!

